TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS (TOIBO)

NPO 001-597 PBO 130001311

Posbus 13383 HATFIELD 0028
Duxburyweg 174 (Ingang 186) HILLCREST 0083
T: 012-362 0660 E: toibo@imaginet.co.za

Transoranje-skool * **Prinshofskool** * **Sonitusskool** * **Transvalia-skool** * **Hoërskool Martie du Plessis**

Geagte Dominee

Hierdie maand vertel ons u van een van ons leerders se heldedaad wat tragies geëindig het.



Op 28 Februarie verdrink klein Thapelo Tambani in ’n watergevulde sloot by ’n konstruksieterrein in Soshanguve, noord van Pretoria.

Thapelo was ’n negejarige dowe seun in graad 4 aan die Transoranje-skool vir Dowes.
Hy en sy maats het die middag na skool op ’n sandhoop gespeel toe een van sy maats in ’n watergevulde sloot ingly. Thapelo het nie gehuiwer nie en sy maat gered, maar ongelukkig toe self ingegly en verdrink.

Fondsinsamelingsprojek

PROJEK KLOP

Hierdie projek is spesifiek gemik op die jeug. Met dié projek wil ons kinders aangryp en aanspoor om op ’n klein maar beduidende manier, met SENTE, kinders met gestremdhede te help. Hierdie is nie ’n eenmalige projek nie, maar kan jaarliks ondersteun word. Alternatiewelik kan ’n groot houer voor in die portaal van die kerk geplaas word sodat gemeentelede hul SENTE daarin kan gooi.

A6-plakkers kan van TOIBO aangevra word, tesame met ’n blik-lapelwapentjie. Die plakker word op ’n houer van die kind se keuse geplak (byvoorbeeld ’n koeldrankblikkie), wat dan met sente gevul word. Die lapelwapentjie word gedra om te wys dat hulle omgeeharte het.

Die houers kan tydens ’n geleentheid wat deur die gemeente bepaal word ingehandig word, of op die eerste Sondag van September, wat ook Nasionale Biddag vir Dowes is. Die inhoud van die houers kan deur die gemeente getel word, en die geld word in TOIBO se rekening inbetaal, of die houers kan by TOIBO se kantoor afgegee word.

Ondersteun ons asseblief waar moontlik met hierdie projek. Dit verg min moeite maar kan ’n groot verskil aan TOIBO se inkomste maak.

TOIBO het vanjaar met Projek Sonskyn R800 000 bewillig vir bystand aan minderbevoorregte kinders. Daar is ongeveer 690 kinders wat op die een of ander manier ondersteun word. Winter is op hande, en een manier om te verseker dat almal warm lyfies het, is om vir elkeen ’n windjakker of trui te gee. 136 kinders het tot dusver ’n nuwe paar skoolskoene ontvang.

Dankie vir u ondersteuning en voorbidding.

Vriendelike groete

Arina Jooste

ARINA JOOSTE
UITVOERENDE BEAMPTE

DS GPJ (Gerhard) STOLTZ
WAARNEMENDE VOORSITTER

Transoranje Instituut
ABSA
Reknr: 020 840 145